

Woensdag 11 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8

Fokusgedeelte: Johannes 15:4, 5

Bly in geloof verbind aan Jesus en ervaar hoe die vrug van die Gees ook in jou lewe 'n werklikheid word

Verhoudings is alleen moontlik wanneer daar vrug uit daardie verhouding voortspruit. Dit is egter nie 'n fisiese vrug wat mens kan sien, proe, ruik of aan vat nie. In ons teks gebruik die Here 'n alledaagse beeld om geestelike waarhede oor te dra, net soos die Nagmaal ook deur die tekens van brood en wyn die geestelike waarheid van ons verlossing in Jesus Christus oordra.

In die beeld in ons teks stel Jesus Hom as ware wingerdstok voor, terwyl sy Vader die Boer is en die gelowiges die lote is wat vrug dra en die verlorenes die lote is wat geen vrug dra nie. Die vrug waarna hier verwys word, is die geestelike vrug van die Gees wat in Galasiërs 5:22-23 vir ons beskryf word, naamlik liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. In 'n ware opregte verhouding sal hierdie vrug na vore kom. Die enigste manier hoe hierdie vrug gedra kan word, is wanneer jy in Jesus bly en Jesus in jou. Die tekens van brood en wyn van die Nagmaal verduidelik hoe jy in Jesus bly en Hy in jou. Die brood wys op sy liggaam wat vir jou gebreek is aan die kruis, en die wyn na sy bloed wat vir jou uitgegiet is. Dis die offer wat Jesus gebring het sodat Hy in jou bly. Verder is die brood en wyn ook 'n vaste versekering dat die Heilige Gees jou geloof voed, net soos wat brood en wyn die liggaam voed. Dit is deur geloof wat jy in Jesus bly.

God vra van jou geloof om in Jesus te bly, maar sy genade is so groot dat die Heilige Gees vir jou die geloof gee wat Hy vra. Bly in geloof vas aan Jesus en ervaar hoe die vrug van die Gees ook in jou lewe 'n werklikheid word.

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)